Weekbrief
Primêre Skool Jim Fouché

WB 4 FEB 2010

Kan nie glo ons is reeds in die tweede maand van 2010 nie. Sterkte aan almal met al die aktiwiteite wat nog vir ons voorlê.

VALENTYNSOKKIE : 12 FEBRUARIE 2010

Die prefekte bied op Vrydag, 12 Februarie 'n Valentynsokkie vir alle Gr. 5, 6 en 7 leerders aan. Dit beloof om 'n baie lekker aand vir ons leerders te wees, en ons nooi julle almal uit om die aand saam met ons te kom geniet.

Toegang is R10,00 per leerder en daar sal ook verversings en drinkgoed te koop wees.

Jy kan ook 'n foto van jou en jou meisie laat neem. **ONS HOOP ONS SIEN JULLE ALMAL DAAR.**

WOEKERWINSIEDATUMS :1STE KWARTAAL

Grondslagfase: 5 Feb; 19 Feb; 5 Maart.

Senior Primêr: 12 Feb; 26 Feb; 12 Maart

SIEK KINDERS

Hiermee doen ons 'n ernstige beroep op ons ouers om asseblief nie u siek kind skool toe te stuur nie. Dit gebeur gereeld dat die eerste klok nog nie eers vir die dag gelui het nie, dan moet 'n ouer geskakel word om 'n siek kind te kom haal.

NASORG NUUS

Hiermee doen ons 'n ernstige beroep op ons ouers om asseblief vir u kind/kinders 'n eetdingetjie vir middagete in te pak. Kinders kan nie optimaal op 'n leë maag funksioneer nie.

Ons ondervind dat ons nasorg leerders se kleredrag nie altyd na wense is nie – ons vra dat u sal toesien dat u kind nie "kaal" hempies of toppies sal aantrek nie.

Die Nasorgpersoneel verkoop tans lekkers ens. vir 'n fondsinsameling by die Nasorg. Stuur gerus 'n geldjie saam met u kind om vir hom/haar 'n lekkertjie te koop.

KLASPROJEK : GR 6C

Die Graad 6C klas loods weer 'n juwele projek. Bestelvorms is nou weer beskikbaar by juf. Carina. Indien u 3 items bestel, kry u 'n "selfoon charm" gratis. Kontak gerus vir juf. Carina by 0822009348 indien u enige navrae het.

KOSHUIS NUUS

Baie welkom aan mnr. Rudolf Fourie wat reeds in die koshuis ingetrek het en nou as koshuisvader gaan optree. Daar is nog etlike plekke in die koshuis beskikbaar.

Indien u van iemand weet wat koshuisinwoning verlang, kan u vir mnr. Rudolf Fourie of mev. Annamarie Griesel by 051-5225951 kontak.

KLEREWINKEL

Ons verwelkom graag die nuwe verkoopsdame in ons Klerewinkel. Sy is mev. Renskie Rossouw. Hiermee ons hartlike dank aan mev. Martie Botes vir haar harde werk en toewyding aan die Klerewinkel. Die winkel se ure bly onveranderd, naamlik daagliks vanaf 12:30 tot 14:30. 'n Pryslys van alle items is by die winkel beskikbaar.

FINANSIES :

Januarie se skoolfonds is nou dringend betaalbaar. Ongeveer 50% is nog nie betaal nie. Ons het dringend u samewerking in hierdie verband nodig. Baie dankie vir die 50% van ouers wat dit reeds betaal het.

Aansoekvorms om Kwytskelding moet dringend ingedien word aangesien dit gedurende Februarie verwerk MOET word.

Ouers wat aansoek doen om kwytskelding moet in ag neem dat Januarie se skoolfonds deur hulle betaalbaar bly.

✉ 32019,
Fichardtpark 9317.

☎ 051-522 5951
051-522 7031

🖷 051-522 0681
info@psjf.co.za

www.psjf.co.za

Kwaliteit onderrig vir 'n beter toekoms

KOPLUISE EN NETE

Ons ondervind dat daar kopluise en nete by die skool kop uitgesteek het. Ons doen 'n beroep op ons ouers om asseblief u kind se kop in die son te ondersoek. Gebruik Gambex sjampoe of enige ander sjampoe wat by u apteek beskikbaar is vir nete en kopluise.

Indien u enige luise of nete op u kind se kop ontdek, moet u ook u kind se lakens, kussingslope en betrokke handdoeke was en stryk.

Geliewe daarop te let dat 'n leerder wat kopluise of nete het, nie die skool mag bywoon alvorens die probleem opgeklaar het nie, aangesien dit aansteeklik is.

SPORTTOER : 2010

Die 0/12 en 0/13 netbalspanne asook die 0/11 en 0/13 rugbyspanne, toer vanaf 22 – 25 Maart 2010, na Port Elizabeth. Sterkte aan mnr. Derik Bruwer met al die reëlings.

SPORTDRAG (Maandae en Donderdae)

Aangesien dit nog 'n tydjie gaan neem om die nuwe sportdrag in te faseer, mag 'n leerder die volgende op 'n sportdragdag aantrek:

- Nuwe sporthemp en broek met tekkies en kouse.. of
- Nuwe sporthemp met 'n swart sweetpakbroek, tekkies en kouse.... of
- Die ou sportklere met tekkies en kouse.
- **LET ASSEBLIEF DAAROP** dat **atletiekdrag** onveranderd gebly het.

FIETSPRETTRAP:13 FEBRUARIE 2010

Ons herinner u graag aan ons jaarlikse fietsprettrap wat op 13 Februarie 2010 plaasvind. Indien dit vir u moontlik is vra ons vir enige skenkings en geluktrekkings wat ons tydens die prettrap kan uitdeel. Ons benodig ook wors vir "Hotdogs". Indien u, u weg oop sien om met enige van bogenoemde te help, kontak asseblief vir juf. Annatjie van Wyk.

Hiermee word een en almal uitgenooi na hierdie dag wat altyd 'n hoogtepunt op ons kalender is.

Enige navrae kan aan juf. Annatjie by 051-5225951 gerig word.

GRAAD 1-OUERS

Hiermee bied ons verskoning aan vir enige ongerief wat u met sommige van die Gr. 1-pakkette wat onvolledig was, ervaar het.

Die probleem het by die leweransier, wat die verpakking gedoen het, ontstaan, deurdat sommige items uitgelaat was. Tans word daar met die leweransier onderhandel om die items wat in die pakket kort, so gou as moontlik te verskaf.

VOORTREKKERNUUS

Ons is baie bly oor die lekker reën, maar jammer dat ons kuieraand gekanselleer moes word. Intussen het die Gr. 4-7 Voortrekkers 'n heerlike kamp op Soetdoring gehad. Die Gr. 1-3 Voortrekkers se kamp vind binnekort plaas.

Ons sal die weer dophou en vir u inlig in verband met die kuieraand. Ons vertrou dat die belangstelling weer so groot sal wees. 'n Voorlopige datum is Dinsdagaand, 9 Februarie 2010 om 18:00 op die rugbyveld.

KOEIPROJEK : 2009

Laaste nuus uit die koeikamp: 'n Wins van ± R54 000,00 is tydens dié Koeiprojek gemaak.

Duisend dankies aan een en almal wat so hard gewerk het tydens hierdie fondsinsamelingsprojek.

LANDSDIENSKAMP : 26-27 FEBRUARIE 2010

Die Graad 4-6 Landsdieners kamp vanaf 26 tot 27 Februarie 2010 by Jimmy Roos te Dewetsdorp.

Dankie aan mnr. Derik Bruwer en die res van die personeel wat hierdie kamp gaan meemaak.

ATLETIEK

Zone B se Atletiekbyeenkoms het op Maandag 1 Februarie 2010 op die Stadion plaasgevind.

Agt-en-twintig van ons atlete het gekwalifiseer om aan die Motheo/Gariep kampioenskappe deel te neem.

Baie geluk aan die atlete. Op 11 Februarie 2010 neem hulle aan die Fichardtpark byeenkoms deel en op 20 Februarie aan die Motheo/Gariep byeenkoms.

Die atlete moet asseblief pligsgetrou oef en die volgende twee weke hard werk

Weekbrief
Primêre Skool Jim Fouché

NB:GEEN EEN VAN HIERDIE ATLETE MAG AAN ENIGE ANDER SPORT SOOS BYVOORBEELD NETBAL OF RUGBY DEELNEEM NIE.

PLAVEISEL

Ons het 'n klomp plaveisel stene as donasie d.m.v. mnr. Paul Els, lid van die Beheerliggaam, ontvang. Baie dankie mnr. Els, dit gaan 'n groot verbetering aan ons terrein meebring. Ouers moet asseblief nog bietjie geduldig wees met die lê van die stene. Ons wag nog vir berg gruis wat geskenk gaan word. Die oppervlakte moet ook behoorlik voorberei word alvorens die plaveisel gelê kan word.
Indien daar van ons ouers is wat behulpsaam kan wees met die lê van die plaveisel oor naweke, sal ons bly wees as u die kantoor daarvan in kennis sal stel.

VERLORE KLERE IN DROM

Ons dank aan mev. Karen le Roux (072 171 5215) wat met voorstelle rakende die drom met klere vorendag gekom het: Kontak haar gerus vir meer info.

AFVALKOS : KLEUTERSKOOL EN KOSHUIS

Indien u met varke boer kan u gerus die kantoor kontak in verband met bogenoemde. Afvalkos kan weekliks by die koshuis afgehaal word. Kontak asseblief vir mnr. Roelf Herbst by 0823361864.

Ouerkomitee nuus.

1. Die volgende ouers is verkies as die bestuur van die Sentrale Ouerkomitee:

Voorsitter	:	Paul Els 082 437 3271
O/Voorsitter	:	Riaan Nel 083 292 1948
Sekretaresse	:	Lucinda Wiese 083 598 7792

2. Stuur asb. 'n leë epos aan paul@meritus.co.za of john@psjf.co.za as u die week brief elektronies wil ontvang.

3. Ons herinner die ouers van die Sentrale Ouerkomitee aan Dinsdag 2 Februarie 2010 se vergadering in die personeelkamer om 17:30.

John Fourie

✉ 32019,
Fichardtpark 9317.

☎ 051-522 5951
051-522 7031

🖷 051-522 0681
info@psjf.co.za

www.psjf.co.za

Kwaliteit onderrig vir 'n beter toekoms

Wil u weet wat u kind se leesvermoë is? Soek u na antwoorde vir u probleme met `n kind wat sukkel op skool of universiteit ?

Kom besoek ons en laat ons u wys hoe die **"Wise Eye"** Lees Program werk.

Ons bied graag aan u `n **GRATIS** Visagraph-toets ter waarde van R220.00 aan. Geldig tot 31 Maart 2010

Ons het die oplossing !!!!

Skakel Yolande :
073 988 3228/ 051 447 3344 vir u gratis afspraak of besoek ons by **Wise Eye Lees Laboratorium**:
Zastronstraat 158a, Bloemfontein

WISE EYE

Weekbrief
Primêre Skool Jim Fouché



✉ 32019,
Fichardtpark 9317.

☎ 051-522 5951
051-522 7031

🖷 051-522 0681
info@psjf.co.za

www.psjf.co.za

Kwaliteit onderrig vir 'n beter toekoms